

## POPI-Toestemming ("Protection of Personal Information Act")

Die wet (Wet nr. 4 van 2013) is reeds in 2013 deur die Suid-Afrikaanse regering goedgekeur. Dit bevat die voorwaardes en regulasies wat instansies moet volg om die persoonlike inligting van hulle lede of kliënte, ("Datasubjek" in ons geval die lidmate en personeel), wettig te mag versamel / ontvang, verwerk, opdateer, aanwend, versprei en te stoor / bewaar / berg, asook te vernietig / uit te veer. Die wet vereis ook dat wanneer 'n instansie kinders se inligting hanteer, die ouers vooraf daartoe toestemming moet gee.

Die POPI-wet is dus van toepassing op almal wat persoonlike inligting proses - ook die kerke. Die wet beperk egter nie instansies om inligting te mag verwerk nie, maar vereis net dat dit op die regte manier hanteer en reguleer sal word.

Die Kerkraad van WPR het Gawie Jooste as Popi-wet-inligtingsbeampte, werksaam in die Kerkkantoor, bemaatig om die gemeentelid se inligting, wat benodig word vir doeltreffende administrasie, volgens die Popi-wetgewing in te samel, te berg en te verwerk.

Die beleid en prosesse is deur die Kerkraad goedgekeur en word tans geïmplementeer.

Elke belydende lidmaat (of hoof van die gesin namens die gesin) word versoek om die inligting wat gehou word na te gaan en uitdruklik toestemming te gee dat die inligting verwerk mag word.

Die uitdruklike toestemming kan wees dat u:

- Sondag na die 8h30-erediens u gesin se data nagaan op die gesin se datavorm en dit onderteken;
- Op afspraak by die Kerkkantoor u gesin se data nagaan op die gesin se datavorm en dit onderteken;
- 'n Epos aan die Kerkkantoor stuur wat uitdruklik toestemming verleen;
- Reageer op die Whatsapp van die Kerkkantoor.
- Voltooiing van die *Google-form* uitgestuur deur die Kerkkantoor.

Met aanvaarding van u attestaat of doopaansoek is die inligting vrywillig deur u verskaf. U mag te enige tyd tydens die Kerkkantoor se kantoorure, insae tot u eie inligting versoek en mag dit wysig.

U het die reg om beswaar te maak daarteen dat u persoonlike inligting deur die Kerkkantoor gestoor en verwerk word. Dit het egter implikasies vir bewys van lidmaatskap en attestate, doopaansoeke en dies meer indien geen rekord van u by die gemeente bestaan nie.

Enige klagtes kan by die Inligtingsregistrator van die Popi-wet ingegee word.

Inligting mag van tyd tot tyd na die Klassis en Sinode verwys word soos nodig vir statistieke en administrasie.

Die Kerkkantoor en WPR onderneem om met die nodige omsigtigheid, vertroulikheid en sekuriteit u persoonlike inligting te behou en verwerk.

***Op 16, 23 en 30 Mei sal drukstukke met u gesin se inligting (datavorm waarna hierbo verwys word) in die saal beskikbaar wees ter insae asook om u uitdruklike toestemming te gee dat ons u inligting mag stoor/verwerk***

Rig navrae aan die kerkkantoor by [kantoor@gkwapadrant.co.za](mailto:kantoor@gkwapadrant.co.za) of [admin@gkwapadrant.co.za](mailto:admin@gkwapadrant.co.za).